# menlo-insig 20/2022

## LIEWE MENLO

So 'n rukkie gelede lui die foon in die insigkantoor. "More," sê die stem aan die ander kant. "Ek doen navorsing oor die eetgewoontes van tieners. Sê my, wat eet Menloparkers?"

Die antwoord op hierdie vraag is omtrent 'n mondvol. Me. Scholtz vertel dat daar allerhande fynproewersgeregte in die skool se restaurant voorberei word. Volgens haar wissel dit van koeksisters, mosbolletjies, stampmielies en slaphakskeentjies tot herderspastei, kaiings, kruisskyf en hertzoggies.

Mnr. Grové reken dat Parkies 'n gebalanseerde dieet volg. Somme maak sonder ewewig is tog haas ondenkbaar. Op pad na die rugbyveld staan mnr. Luus, Menlo se rugbyghoeroe. "Nee," sê hy. "Menlo se rugbymanne eet hulle opponente. Vir voorgereg word die lynstaanballe een vir een gegaps en vir nagereg is daar niks beter as 'n Menlo-plettervat vlak voor die doellyn nie."

Om die wilgerlat in te lê, vra vir 'n paar sterk boarms en daarom smul die krieketspelers, volgens mnr. Van Wyk, graag aan kos wat krag gee. "Netbal," sê me. De Jongh, "toon allerlei ooreenkomste met gimnastiek. Enige netbalspeler wat haar sout werd is, weet hoe om in die lug te hardloop en split. Hulle hoogspringvermoë stel die opponente dikwels in die skadu en boonop land netbalspelers altyd op hulle voete. Voedselsoorte wat die elastisiteit van spiere bevorder, is boaan die spyskaart."

Me. Van Papendorp verduidelik dat kooroptredes haar span se stemme voed. Vir hulle is die kersie op die koek om 'n gehoor met roerende musiek te besiel. Wanneer daar eers sewestemmig weggespring word, bied die koor 'n allegaartjie wat in elke smaak val.

Terug in die klaskamers word daar op die Afrikaansdepartement ingezoem. Menlopark het skoonskip by die Afrikaanse Senior Olimpiade gemaak en Die Insig is op soek na die resep van die pitkos wat die Parkies in hierdie klasse kry. "Wat ons eet, is geen geheim nie," sê me. Foord.

"Ons eet geleenthede."

## DAGBOEK

**29/7**
Drama: Menlo-Eisteddfod

**30/7**
Fietsry: Gauteng Hoërskolereeks (Boksburg) & King Price Trailseeker (Van Gaalen) / Rugby: Marais Viljoen (weg)

**1/8**
Gholf: SA Hoërskolekampioenskap

**2/8**
Verrykingsakademie: Ouditorium (18:00 – 19:00)
Parkieraad: Opleiding (Saal, 19:00 – 20:00)

**3/8**
Landloop: AGNSSL-liga / **Oueraand: 18:00 – 19:00**

**4/8**
Seunshokkie: Noordvaal





## MENLO MA'S WAT OMGEE




### Skrif: 1 Timoteus 4:7-12 NLV

"Bestee jou tyd en energie daaraan om jouself te oefen tot geestelike fiksheid. Liggaamlike oefening het wel waarde, maar geestelike oefening is baie belangriker, want dit hou die belofte in van beloning, sowel in hierdie lewe as in die volgende. Moenie dat enigiemand minder van jou dink omdat jy jonk is nie. Wees 'n voorbeeld vir alle gelowiges deur wat jy leer, in die manier waarop jy lewe, in jou liefde, jou geloof en jou integriteit."

## AKADEMIE

### Parkie-olimpiërs herskryf rekordboeke

Van Groenland in die noorde tot Puerto Torro in die suide, van Attu-eiland in die weste tot Kiribati in die ooste is daar nie 'n enkele skool wat beter as Die Hoërskool Menlopark in die Afrikaanse Senior Olimpiade gevaar het nie.

Diegene wat dapper genoeg is om so 'n reis te onderneem, sal soms harde klippe kou wanneer hulle hulle weg oor berge en dale navigeer, maar hierdie uitdagings is niks in vergelyking met die taaltoffies wat ons eie olimpiërs moes sluk nie.

Ofskoon 'n mens maklik, selfs in jou moedertaal, tussen verskynsels soos pleonasme, toutologie en kontaminasie kan verdwaal, baan Menlo se linguiste hulle weg veilig deur die labirint van spelreëls, antitese en hiperbole. Vergeet jy jou taalatlas tuis, kan jy maar op die Parkies se knoppie druk, want hulle **roer** in Afrikaans.

Die uitslae van die olimpiërs wat op 19 Mei stil-stil vir die Olimpiade aangetree het en dit geruisloos afgehandel het, maak nou geraas. Die rekordboeke is herskryf, want in die skool se ganse bestaan het ons nog nooit só goed gevaar nie.

Ons linguiste se vaardighede is natuurlik aan deskundige onderwysers te danke – vakmeesters wat moeiteloos daarin slaag om 'n liefde vir Afrikaans by leerders te kweek. Hartlik geluk aan die Departement Afrikaans en aan die deelnemers. Julle voorbeeld inspireer.

Hier volg die uitslae:

#### Gauteng

| | |
|---|---|
| 1ste plek | Albert Wilsenach (graad 12) |
| 2de plek | Mikal Venter (graad 11) |
| 3de plek | Milandri Schutte (graad 11) |
| 7de plek | Kristen de Bruin (graad 12) |

#### Suid-Afrika en Namibië

| | |
|---|---|
| 1ste plek | Albert Wilsenach (graad 12) |
| 2de plek | Mikal Venter (graad 12) |
| 4de plek | Milandri Schutte (graad 11) |
| 11de plek | Kristen de Bruin (graad 12) |

Die onderstaande leerders is óók nasionaal onder die top-100:

Shanné Frazao (graad 12), Mia van den Heever (graad 11), Dannhauser van der Merwe (graad 11), Lamari Wagner (graad 11) en Jana Retief (graad 12).









**KAARTJIES BESKIKBAAR: 1 AUGUSTUS (LEERDERS ONTVANG KOEVERTE IN DIE VOOGKLASSE)**



# AKADEMIE

## Menlo-skrywers slyp talent

Daar is soveel skryftalent op Menlo-bodem dat dit Die Insig glad nie sal verbaas as daar binnekort 'n Schutte of Van der Merwe boaan die boekparade pryk nie. As wenners van die Poortskryfkompetisie is Danie Schutte (2021), Eras Schutte en Dannhauser van der Merwe (graad 11) na die Poort-skrywerslypskool uitgenooi. Die Rosestad en Universiteit van die Vrystaat het gasheer vir dié woordfees wat in die vakansie plaasgevind het, gespeel. Elke aspirantskrywer het hulle werk met uitgelese woord- en taalconnoisseurs bespreek wat die fynere kunsies van skryf met die leerlingskrywers gedeel het. Die Insig sien daarna uit om een van hierdie meesterstukke onder oë te kry en te deel.

Baie dankie aan me. Erika du Plessis vir die koördinering van die Poortskrywerskompetisie en -slypskool.



# LEIERSKAP

## Leiers van more word touwys

Die ATKV bied jaarliks 'n jeugberaad aan en 'n klompie Parkies het die opwindende geleentheid bygewoon. Rulé van der Merwe en Milandri Schutte het die skool by die Goudiniberaad verteenwoordig, terwyl Lamari Wagener, Anje van Papendorp, Lize Booysen, Juan le Roux, Rudolph Jordaan, Ghitte Wiid, Shani Coetzee, Kristine Greyling, Lelize van der Walt, Elrisha Ras, Ilme Taljaard, Barbara du Toit en Viljee Smit by Klein Kariba was. Alhoewel daar ruimskoots tyd vir ontspanning was, het die kursusgangers hoofsaaklik geleer om krities en kreatief oor die lewe te dink. Hulle is verder verryk deur nuwe mense te ontmoet en na spesialiste op verskeie terreine te luister.

Baie dankie aan me. Ena Swart vir haar inisiatief met die beraad.



# REVUE

## Revue 2022: To conquer is to live

Die gordyn lig oor twee weke vir 2022 se revuegroep en hulle is slaggereed. Kostuums is aangepas, klankopnames is gemaak en die voete is *absolut* dansgereed. Laat die revue begin!

Die revuegroep is al geruime tyd aan die gang en daar kan nie te veel oor hulle hoogs geheime oefeninge verklap word nie, maar een ding is seker: Sien is glo! Hou gerus Die Insig vir meer inligting oor die groep se optredes dop.





# KOOR

## Menlo koor: Sing-sing op pad na nasionale finaal

*Det är nu som livet är mitt*
*Jag har fått en stund här på jorden*
*Och min längtan har fört mig hit*
*Det jag saknat och det jag fått*

Dit is die woorde van komponis, Stefan Nilssen, waarmee die Menlo-koor talle optredes vanjaar ingelui het. Wanneer Menlo se formidabele koormanne stelling op die bankies inneem en met dáárdie A-mol wegtrek, kan jy nie anders as om die musiek te voel nie. Voeg die suiwer stemme van die soprane en die warmte wat die alte aan die koor verleen hierby en die resultaat is verstommend.

Oomblikke later weergalm die skeppingsverhaal deur die saal waarna die koor 'n loodregte draai met 'n tradisionele lied neem. Ofskoon *Elements* 'n volksvreemde werk is, voel ons tog tuis tussen die wind en die vuur wat meesterlik op die koorbankies lewe kry.

Die koorseisoen staan einde se kant toe en die leerders se talent is verlede week met twee optredes gevier. Die Tres Scholarum-konsert is 'n musiekfees saam met die kore en orkeste van Hoërskool Garsfontein en Waterkloof. Die aand is met 'n optrede deur ons eie orkes, onder leiding van me. Colleen Maré, afgeskop en hulle het gewys dat *western*-klanke selfs met klassieke instrumente voortgebring kan word. Die aand is met 'n massa-optrede deur die kore en orkeste van al drie skole afgesluit. Bravo!

Skaars agt en veertig uur later het die skool saam met verskeie laerskoolkore opgetree om vir hulle 'n blitskykie in die Menlo-koorwêreld te gee.

Die laaste kompetisie op die kalender vind eerskomende Saterdag plaas en dit is hier waar die koor met die beste kore in die land sal meeding. Die geleentheid is die ATKV-Applouskompetisie en daar word om die kroon vir die beste gemengde koor in Suid-Afrika meeged(s)ing. Die skool wens die koor, onder leiding van me. Jeanmari van Papendorp en mnr. Lourens de Jager (begeleier), alles van die beste toe. Menlo staan bankvas agter julle. #MenloKoor #MenloTrots

# SPOG



## Parkies dans tot in Gauteng-span

Zani Malan (gr. 11) en Karmen van Greunen (gr. 10) het ritme! Hierdie twee Parkies is pas deur die South African Body of Dance met Gauteng-kleure vir hiphop beloon. Welgedaan!



## Blou Teater se eie dansers skitter

Silwer: drie; Hoë silwer: drie; *Ultimate* goud: een; Spesiale Toekenning: een.

Dit is 'n opsomming van die uitstekende prestasies wat Menlo se eie dansgroep by die pas afgelope D.A.N.C.E. International Awards behaal het. Een van die groepsdanse, Midnight Harvest, is boonop met 'n top-15-plek beloon. Baie geluk aan hierdie dansers wat bewys het dat Menloparkers se talent ver verby die skoolbanke strek, asook aan me. Elana Heyns, Menlo se eie choreograaf.

# NETBAL












## Geen keer aan Menlo-netbalprestasies

Daar is geen twyfel nie dat Menlo met die talentvolste dogters spog, maar na afloop van die Gauteng-netbalkampioenskap en die Volkies-toernooi is dit amptelik: Menlo se vlugvoetige netbalspelers kan kop-hou en weet hoe om die opponente te troef.

Menlo-netbal het hulleself vanjaar weereens as een van die land se voorste netbalkragte onderskei en die skool se reeds indrukwekkende netbal-CV is nog nie klaar geskryf nie, want drie van ons spanne is na die SA toer-nooi op pad.

'n Mens hoef nie baie van netbal te weet om raak te sien dat die onderstaande uitslae *absolut* fenomenaal is nie. Baie geluk aan die A-spanne en die afrigterskorps (me. Hanlie de Jongh, me. Jenni-lee Delport, me. Loumare Auret, me. Fransie Roberts, me. Nataly Rabe en mnr. Manny Ferreira) met hierdie puik prestasie.

### Gauteng-kampioenskap

| | | | |
|---|---|---|---|
| o. 15A | Top-8 | o. 14A | Top-12 |

| | |
|---|---|
| o. 16A | Eerste in Gauteng; kwalifiseer vir SA's |
| o. 17A | Vierde in Gauteng; kwalifiseer vir SA's |
| o. 19A | Eerste in Gauteng; kwalifiseer vir SA's |

Menlo is die enigste skool in Gauteng wat met twee goue medaljes spog.

### Volkies-toernooi (Potchefstroom)

| | | | |
|---|---|---|---|
| o. 14A | Tweede | o. 15A | Dertiende |
| o.16A | Eerste | o. 17A | Vierde |
| o.19A | Eerste | | |

Beste senior middelbaanspeler: Megan Erasmus
Beste senior verdediger: Luca Keun

# MUURBAL

## Onverskrokke MMA-spelers staan hul man en meisie

Nege Menloparkers het verlede week hulle slag by die streek se Growthpoint Toernooi vir o. 15's, o. 17's en o. 19's gewys. Welgedaan aan al ons spelers wat die geleentheid gebruik het om hulleself teen die top juniors in die provinsie te toets.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Melissa de Wet (o. 15) | 4de | Luzé Niemand (o. 17) | 6de |
| Jeanne Craig (o. 19) | 4de | Demi Senekal (o. 17) | 3de |
| Reinhard Venter (o. 19) | 7de | Dian Jacobs (o. 19) | 8ste |
| JD Smuts (o. 17) | 6de | Ruan Hendriks (o. 17) | 8ste |
| Dean van Zyl (o. 17) | 7de | | |



Die MMA is trots op die manier waarop die Parkies hulleself teen meer ervare spelers handhaaf – die leerkurwe spoed opwaarts.
#MenloMuurbal #HouHierdieSpasieDop

# RUGBY

## Menlo-rugbyrapport toon vooruitgang

Menlo se streeptruie is vasbeslote om die jaar op 'n hoogtepunt af te sluit. Die manne in blou het die afgelope naweek puik rugby teen Hoërskool Dr. E.G. Jansen gespeel en die eerstespan het met hulle naelbytoorwinning gewys dat druk hulle nie kelder nie.

Die o. 14's en o. 15's het die opponente oudergewoonte op die neus laat kyk en te oordeel aan hulle puik vertonings is Menlo-rugby se toekoms in veilige hande.

Baie geluk aan mnr. Nico Luus en die afrigters met die spanne se goeie vertonings.

Die tellings teen Dr. E.G. Jansen is soos volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| o. 14A: 21 - 0 | o. 14B: 33 - 7 | o. 15A: 23 - 19 | o. 15B: 36 - 14 |
| o. 16A: 10 - 22 | o. 16B: 15 - 33 | Derdes: 0 - 40 | Tweedes: 10 - 24 |
| Eerstes: 23 - 19 | | | |

(Foto's: Milla Botha & Joshua Delport)







# FIETSRY









## Wiele draai in Menlo se guns

Menlo se uithaler fietsryspan jaag vanjaar van die een prestasie na die ander. Die jaers is goed op dreef en hulle fiksheid het verlede naweek handig te pas gekom by Gauteng North School Cycling se resies.

Baie dankie aan me. Simoné Labuschagne en me. Gerda Richards vir haar insette, asook aan die jaers wat in groot getalle by die wedrenne opdaag om Menlo-punte bymekaar te maak. Loer gerus na die skool se webblad om meer oor hierdie opwindende sportsoort uit te vind. Hier volg die span se uitslae:

Caitlin Read (9de); Isabel de Bruyn (10de); Chanté le Roux (13de); Christopher Niemann (11de); Wilhelm de Jager (12de); Reghard Louw (22ste); Handru van Niekerk (31ste); Marcell Eloff (39ste); Liam Cronje (23ste); Marnus Venter (29ste); Michael Louw (39ste); Alex van Rooy (46ste); Josh van der Merwe (1ste); Ruben van Biljon (6de); Pieter Kriek (38ste); Madison Coombe (4de); Reghardt van Biljon (8ste); Ghian Muller (21ste); Michiel Maas (31ste); Armandt Steyn (43ste).


Baie geluk aan Caitlin Read, Isabel de Bruyn, Ruben van Biljon, Regardt van Biljon en Madison Coombe met top-10-posisies én aan Josh van der Merwe wat eerste oor die wenstreep gejaag het. #Menlotrots

# KRIEKET

## Menlo-krieket slaag met A-gemiddelde

Van rus in die vakansie was daar vir Menlo se krieketspanne geen sprake nie. Die manne van Menlo was gans te besig om lopies op hulle laeveldtoer op te stapel en paaltjies in te oes. Die tellings is intussen gekonsolideer en Die Insig berig graag oor die indrukwekkende statistiek wat 20 wentellings uit 23 wedstryde insluit. Knap gedaan aan die spelers en mnre. Petrus Coetzee en Arno van Wyk met hierdie uitstekende uitslae – selfs al is spel soms deur dierasies in die wildtuin ontwrig. Die Insig stel voor dat hierdie spelers goed weggesteek word om te verhoed dat hulle nou al vir diens in die nasionale spanne opgeroep word, want #myplekismenlo.









**Menlo 1ste XI vs. Bishops 1ste XI** (Tweedagwedstryd)

Menlo 246/9 (Marco Strydom 84, Ewald Meyer 39*)
Bishops 192 almal uit (Chris Koekemoer 3/14, Ewald Meyer 3/29)
Menlo 154/4 verklaar (Chris Koekemoer 69, Lehan Kirchner 30)
Bishops 95/2 (Michael van der Westhuizen 2/50)
Menlo wen op die eerste beurt met 119 lopies.

**Menlo 1ste XI vs. Potch Gimmies 1ste XI**

Gimmies 112 almal uit (Marcus de Aguiar 3/2, Ben Strydom 2/15)
Menlo 186 almal uit (Dennis McDonald 48, Corné Burger 42)
Gimmies 62/5 (Marcus de Aguiar 3/40, Michael van der Westhuizen 2/0)
Menlo wen met 'n beurt en 12 lopies.

**Menlo 1ste XI vs. Potch Volkies 1ste XI**

Volkies 186 almal uit (Michael van der Westhuizen 3/40, Ewald Meyer 3/21)
Menlo 189/0 (Dennis McDonald 88*, Ewald Meyer 89*)
Menlo wen met 10 paaltjies.

**Menlo 1ste XI vs. Midstream College 1ste XI**

Midstream 88 almal uit (Ben Strydom 5/21, Marcus de Aguiar 4/18)
Menlo 91/2 (Pierré de Villiers 25, Chris Koekemoer 28*)
Menlo wen met 8 paaltjies.

**Menlo 1ste XI vs. Midstream College 1ste XI**

Menlo 208/7 (Ewald Meyer 58*)
Midstream 79/9 (Michael van der Westhuizen 2/7, Ben Strydom 2/9)
Menlo wen met 130 lopies.

**Menlo 1ste XI vs. Bishops 1ste XI**

Menlo 158/7 (Marco Strydom 69, Ewald Meyer 28)
Bishops 122 almal uit (Michael van der Westhuizen 2/26)
Menlo wen met 36 lopies.

**Menlo o.14 B vs. Witbank o.14 A**

Witbank 131/3 (Dylan Stumke 1/13)
Menlo 135/3 (Dylan Stumke 60*)
Menlo wen met 7 paaltjies.

**Menlo o.14 B vs. Ben Viljoen o.14 A**

Menlo 162/6 (Francois Swanepoel 31)
Ben Viljoen 133/6 (Michau Kruger 3/26)
Menlo wen met 29 lopies.

**Menlo o.14 B vs. Riebeeckrand o.14 A**

Riebeeckrand 183/5 (Handru van Niekerk 3/53)
Menlo 130/7 (Emil Groenewald 31)
Riebeeckrand wen met 53 lopies.

**Menlo o.14 B vs. Waterkloof o.14 B**

Waterkloof 169/6 (Handru van Niekerk 3/22)
Menlo 143/4 (Jan-Hendrik Swanepoel 33*)
Waterkloof wen met 26 lopies.

**Menlo o. 14 C vs. Waterkloof o. 14 B**
Waterkloof 209/8 (Noa de Klerk 2/34, Lennie Badenhorst 2/28)
Menlo 112/7 (Kai de Klerk 22, Lennie Badenhorst 21)
Waterkloof wen met 97 lopies.

**Menlo o. 14 C vs. Ben Viljoen o. 14 A**
Menlo 118 almal uit (Rawain Joubert 37)
Ben Viljoen 120/1
Ben Viljoen wen met 9 paaltjies.

**Menlo o. 14 A vs. Potch Gim o. 15 A (**Twee beurte per span)
Potch Gim 142/2 en 132 almal uit (Murray Hofmeyr 4/15, Jacques de Villiers 2/15)
Menlo 105/4 en 98 almal uit (Murray Hofmeyr 42, André Kruyshaar 29)
Potch Gim wen met 71 lopies.

**Menlo o. 14 A vs. Steyn City o. 15 A**
Tydwedstryd
Steyn City 267/6 verklaar (Christoff Breet 2/28)
Menlo 49/2 (Monré Koekemoer 29*, André Kruyshaar 12*)
Wedstryd onbeslis.

**Menlo o. 14 A vs. Trinity House o. 15 A**
Menlo 165 almal uit (Murray Hofmeyr 27*, Monré Koekemoer 69)
Trinity 144 almal uit (Wihan Spanneberg 4/34, Monré Koekemoer 3/19)
Menlo wen met 21 lopies.

**Menlo o. 14 A vs. Potch Volkskool o. 15 A**
Potch Volkies 130/8 (Wihan Spanneberg 3/19, Monré Koekemoer 2/27)
Menlo 111 almal uit (Monré Koekemoer 49, Murray Hofmeyr 17)
Potch Volkies wen met 19 lopies.

**Menlo o. 15's vs. Garsfontein o. 16's**
Menlo 239/7 (Heinrich Badenhorst 141*, JN van Wyk 35)
Garsfontein 240/8 (Ruan Strydom 2/30, Dian van Zyl 2/27, Thomas de Wit 2/17)
Garsfontein wen met 2 paaltjies.

**Menlo o. 15's vs. Waterkloof o. 15 A**
Waterkloof 179 almal uit (Matt van der Westhuizen 3/30, James Bronkhorst 3/33)
Menlo 180/3 (Matt van der Westhuizen 86*, Heinrich Badenhorst 37*)
Menlo wen met 7 paaltjies.

**Menlo o. 16 A vs. Ben Vorster 1ste XI (T20)**
Ben Vorster 69 almal uit (Marcus de Aguiar 4/27, Gerrie Coetzee 4/16)
Menlo 72/2 (Steve Stolk 24*, Daniël Pienaar 16)
Menlo wen met 8 paaltjies.

**Menlo o. 16 A vs. Ben Vorster 1ste XI (T20)**
Menlo 152/4 (Ewald Meyer 58, Steve Stolk 28)
Ben Vorster 97 almal uit (Wian van Deventer 3/13, Gerhard Engelbrecht 3/9)
Menlo wen met 55 lopies.

**Menlo o. 16 A vs. Wesvalia 1ste XI**
Wesvalia 181 almal uit (Gerrie Coetzee 3/25, Ewald Meyer 2/13)
Menlo 184/8 (Ewald Meyer 35, Daniël Pienaar 32)
Menlo wen met 2 paaltjies.

**Menlo o. 16 A vs. Nelspruit 2de XI**
Menlo 381/7 (Steve Stolk 187, Daniël Pienaar 83)
Nelspruit 102 almal uit (Marcus de Aguiar 3/14, Gerhard Engelbrecht 3/10)
Menlo wen met 279 lopies.

**Menlo o. 16 A vs. Garsfontein 2de XI**
Menlo 162/6 (Steve Stolk 65, Daniël Pienaar 30)
Garsfontein 166/3 (Marcus de Aguiar 1/17, Gerrie Coetzee 1/26)
Garsfontein wen met 7 paaltjies.







# MARKPLEIN




**Skin • Body**
Aesthetics

STOCKIST OF lamelle Research Laboratories

## Beauty Salon

SCAN QR CODE FOR PRICE LIST

SCAN QR CODE FOR WEBSITE


www.skin-bodyaesthetics.com
info@skinandbodya.com
skin and body aesthetics

072 490 5395
334 Brooklyn Road Menlo Park (entrance in 10th Street)

## Menlo-klerebank

Slegs per afspraak.

**lize.preston@menlopark.co.za**




## Queenswood Retirement Home

*Your choice for retirehood since 1974*

High quality, good value accommodation

✓ Rental Units ✓ Frail Care

**Avoid disappointment!**
Get your name on our waiting list
*It is never too soon or too late*

**Please contact us:**
+27(0)12 391 2700 • qws.info@mha.co.za

**Comfort. Care. Compassion.**

**Methodist Homes Queenswood**
3 Briscoe Lane
Queenswood, Pretoria
**www.mha.co.za**

Methodist Homes

## SHEPHERD COFFEE CO.

Always fresh, always ready.



black sheep | espresso blend

**R72 250gr**
**R228 p/kg**

**0833761851**

strictly no cash, eft only.




## HUIS TE KOOP

## Menlopark

Ruim gesinshuis met vyf slaapkamers

Aparte woonstel

Cul-de-sac

Een kilometer van die skool
Prys: R3.38 m

**Skakel**
**082 771 4430 of**
**067 001 1973**




Lorraine: 084 910 8428 | Hello@bang-vir-bak.co.za | www.bang-vir-bak.co.za







